## BOEKBESPREKING.

Ds. JOH. DREYER e.a.:
Vier Julle Feesdae. Oordenkings vir die Christelike Feesdae en ander besondere geleenthede, versamel deur Ds. Joh. Dreyer. Uitgegee deur Van Schaik Bepk., Pretoria.

Die titel van hierdie bundel oordenkings is duidelik. Die uitgawe word toegejuig en hartelik aanbeveel. In Suid-Afrika word veels te weinig nadruk gelê op die kerklike jaar. Verskillende predikante en professore het meegewerk en die oordenkings is fris. Nogmaals, ons wens die bundel 'n ruime afset toe.

S. P. ENGELBRECHT.